VERDUIDELIKING VAN AANSOEKSTATUSSE – VOLTYDSE STUDIES

Raadpleeg asseblief hierdie gids vir ’n verduideliking rakende die status van u aansoek. Indien u enige verdere navrae of onsekerhede in hierdie verband het, is u welkom om ons te kontak by 018 285 4320 of ApplicationsUG@nwu.ac.za (vir voltydse voorgraadse studies) en 018 285 5900 of DistancePotch@nwu.ac.za (vir afstandsleeraansoeke).

VORDERINGSTATUS:

“VOORWAARDELIK AANVAAR”

REDE	BESKRYWING
Niks Aangedui Nie	U het aan die minimum vereistes vir u voorgenome kursus voldoen, op grond van u skooluitslae wat tydens die aanlyn aansoekproses voorgelê is. U sal steeds aan die minimum vereistes moet voldoen op grond van u finale matriek-/seniorsertifikaatuitslae, voordat u in Januarie kan registreer.
Keuring Uitstaande	U het aan die minimum vereistes vir u voorgenome kursus voldoen, op grond van u skooluitslae wat u voorgelê het. Die kursus waarvoor u aansoek gedoen het, sluit ’n keuringsproses in. Dit is BELANGRIK dat u die keuringskriteria vir die spesifieke kursus moet bestudeer. Besoek asseblief: http://www.nwu.ac.za/student/selection
Dokumente Uitstaande	U het aan die minimum vereistes vir u voorgenome kursus voldoen, maar daar is nog sekere dokumente wat ingedien moet word voordat die aansoek gefinaliseer kan word. Kontak asseblief die toepaslike kantoor indien u meer besonderhede benodig.
Fast Lane	U het aansoek gedoen vir ’n keuringskursus, maar is vrygestel van die keuringsproses wat met hierdie kwalifikasie geassosieer word. U sal steeds aan die minimum vereistes moet voldoen op grond van u finale matriek-/seniorsertifikaatuitslae, voordat u in Januarie kan registreer.
Toelatingseksamen	U is aanvaar op voorwaarde dat u eers ’n spesiale toelatingseksamen suksesvol aflê. Bel asseblief 018 299 293 / 4028 om so gou moontlik ’n afspraak te maak.

“WAGLYS”

As gevolg van redes wat met kapasiteitsbeperkings te make het, is u aansoek op ’n waglys geplaas. Indien daar voldoende kapasiteit beskikbaar is, kan u aansoek heroorweeg word ná die amptelike sluitingsdatum van 30 September. Vir verdere inligting oor die NWU se toelatingsbeleid is u welkom om die volgende webblad te besoek: http://www.nwu.ac.za/content/policy_rules

“WAG VIR GOEDKEURING”

U aansoek om toelating tot die NWU is ontvang en word tans oorweeg. Indien u nie terugvoer ontvang het binne 3 weke nadat u u aansoek ingedien het nie, kan u een van bogenoemde departemente kontak.

“OORWEEG VOLGENDE KEUSE”

Indien een of meer van u aangeduide keuses onsuksesvol of op ’n waglys is, dui hierdie status daarop dat u volgende redelike keuse tans oorweeg word.

Original details: (12997722) C:\Users\12997722\Desktop\Clarification of Application Statuses.docm
7 Augustus 2019

File reference: 7.1.1.7.1